# Curaçao en die Kaaps-Hollandse Boustyl

deur

PROF. DR. G. VAN ALPHEN

*Na aanleiding van 'n boek deur prof. dr. M. D. Ozinga oor die geskiedkundige boukuns op die eiland Curaçao.*[1]

HIERDIE beskrywing is 'n voortreflike boek. Dit is in 'n baie kompakte wetenskaplike styl geskrywe. Ons het hierdie uitstekende werk te danke aan die bekommernis van 'n aantal bewoners van die eiland Curaçao oor die voortbestaan van die monumente uit die verlede wat nog bewaar gebly het. Curaçao is die vroeëre vestiging van die Nederlandse Wes-Indiese Kompanjie in die Caraïbiese See. Vandag is dit saam met 'n aantal ander eilande (Nederlandse Antillen) en Suriname as gelykwaardige dele met Nederland, die moederland, in een Koninkryk verenig.

Dit was die bedoeling om eers die beeld van die verlede vas te lê in die hoop dat dit tot die behoud van die monumente sou bydra. Gelukkig het dit ook gebeur. As gevolg van die werk van prof. Ozinga het die „Stichting Monumentenzorg Curaçao" tot stand gekom, wat met finansiële steun alreeds byvoorbeeld een van die belangrikste plaashuise „Brievengat" herstel het en die fort Nassau in erfpag gekry het. Hierdie fort word nou as 'n restaurant verhuur.

Prof. Ozinga is aan „Monumentenzorg" in Den Haag verbonde en vanaf 1947 is hy hoogleraar in die geskiedenis van die boukunst aan die Utrechtse Universiteit. Hy het ons nou 'n beskrywing van die Curaçaose monumente van geskiedenis en kuns gegee, wat op amper dieselfde lees geskoei is en selfs dieselfde formaat het en in dieselfde bekende bruinrooi linneband met donker rug van leer gebind is as die reeks „Nederlandse Monumenten van Geschiedenis en Kunst" waarvan sinds 1912 reeds 11 dele verskyn het: Baronie van Breda; Maastricht afl. 1, 2, 3-5; Bommeler- en Tielerwaard; Twente; N.-Limburg; Oost-Groningen; Leiden en Westelijk Rijnland; Waterland; West-Friesland, Texel en Wieringen; Gemeente Utrecht afl. 1; Kwartier van Zutfen.

Op amper dieselfde lees geskoei, dit wil sê: ons vind na historiese hoofstukke oor literatuur en bronne, aardrykskundige faktore, verdedigingswerke en stadsplan in die algemeen, ook 'n beskrywing van elke monument afsonderlik, grotendeels volgens dieselfde patroon: eers 'n kort inleiding en geskiedenis van die monument, vervolgens die algemene toestand en beskrywing, ten slotte 'n Engelse opsomming, sodat ook die buitelander by elke monument kan

(1) Prof. dr. M. D. Ozinga. De monumenten van Curaçao in woord en beeld. Met tekeningen en foto's van H. van der Wal. With English summaries. Uitgeg. door de Stichting Monumentenzorg Curaco. ('s-Gravenhage, Staatsdrukkerij- en uitgeverijbedrijf), 1959. XIX, 278, blz. Met kaarten, profielen, aanzichten en panorama's, 295 afb. en 65 fig.

sien waaroor dit handel. En dan by vrywel elke monument 'n tekening van die grondplan en een of meer foto's. Die foto's is ons aan mnr. H. van der Wal, die bekwame spesialis van „Monumentenzorg" verskuldig. Hy het saam met prof. Ozinga na Curaçao gegaan en byna al die opmetings- en tekenwerk daar gedoen.

Dit is veral die talryke argivale gegewens wat prof. Ozinga in hierdie boek gee en die feit dat sy beskrywing tot aan die einde van die 19de eeu gaan, wat die grense oorskry van die riglyne wat opgestel is vir die Nederlandse reeks. Soos bekend gee daardie reeks in beginsel geen argivale bronne en gaan nie verder as 1850 nie. Hierdie opset is vir die beskrywing van Curaçao ongetwyfeld juister, omdat ons die klassisistiese karakter van die Curaçaose boukuns nog 'n paar desennia later as in Nederland kan onderskei. Nou mag ons sekerlik ook nie vergeet dat prof. Ozinga by sy beskrywing van die Curaçaose monumente grotendeels maagdelike terrein verken het nie. Daar was vir hom mos nie 'n „Voorlopige Lijst van Nederlandse monumenten van geschiedenis en kunst" om te gebruik as wegwyser en riglyn nie, soos dit wel die geval in Nederland vir die hele land is. Ook alreeds bestaande literatuur en gegewens vir sy onderwerp was uiteraard dikwels van 'n baie geringe omvang en laer gehalte as wat dit in Nederland die geval kan wees.



*Curaçao met die fort Amsterdam en die goewerneurswoning op die voorgrond.*

Mens kan dus nie dankbaar genoeg wees vir hierdie pragtige resultaat van die samewerking tussen Curaçao en Nederland, in kort, vir die werk wat prof. Ozinga gedoen het nie. Maar dit is duidelik dat die geskiedenis en beskrywing van die monumente van Curaçao veral ook vir Suid-Afrika van die hoogste belang is. 'n Vergelyking van die Kaaps-Hollandse boukuns met die Curaçaose monumente lê vanselfsprekend voor die hand. Hier is net soos daar, 'n Nederlandse koloniale argitektuur wat belangrike spore nagelaat het. Net soos hier is ook daar amper geen oorblyfsels uit die 17e eeu, behalwe dan die forte op Curaçao en die Kasteel van Kaapstad nie. Op Curaçao sowel as aan die Kaap is die oorblyfsels veral uit die 18de eeu en in die geval van Curaçao uiteraard ook uit die 19de eeu. Dit is daarom dat ons hier veral die aandag wil vestig op die ooreenkomste en verskille met die Kaaps-Hollandse styl wat in die boek na vore kom.

In sy voorwoord — en dit is eintlik 'n reeks samevattende konklusies sodat ons baie daaruit sal moet oorneem — maak prof. Ozinga al direk 'n paar belangrike opmerkinge. Die skrywer het 'n ondersoek ingestel aan die hand van die literatuur oor die Spaanse en Portugese boukuns, in die besonder van Venesuela, die Spaanse kus teenoor Curaçao. Hy het twee studiereise in 1954 en 1955/56 langs die Amerikaanse kuste van Brasilië tot aan New York (outyds die kolonie Nieuw-Nederland met Nieuw-Amsterdam) gemaak. As gevolg van sy ondersoekings het hy tot die gevolgtrekking gekom, dat daar amper geen boukundige samehang van die hoofstad van Curaçao, Willemstad, met Venesuela bestaan nie. Hoogstens dink hy aan 'n moontlike invloed en dan 'n Portugese invloed, in wat die skrywer noem: 'n opvallende voorliefde vir „flakkerende" knopvormige bekroninge of beëindiginge van topgewelhoeke. Nieteenstaande die taamlik vroeë gebruik van natuursteen vir die verdedigingswerke in plaas van grondmure en 'n spesiale soort afgeronde skyn-steunbere, wat in werklikheid afvoerbuise vir die reënwater is en wat voorkom by die Portugees-Israëlitiese Sinagoge en verskillende huise in Willemstad, waag die skrywer dit nie om dit sommer so aan Spaans-Amerikaanse invloed toe te skryf nie. In die eerste geval wys hy met reg op die droë, rotsagtige eiland wat die gebruik van natuursteen alreeds onmiddellik in die begin (1635) vanselfsprekend gemaak het.

Heeltemal anders is egter sy mening oor die geswolle of balustervormige suiltjies van die oop bo-galerye van die huise wat so tipies vir Curaçao is en wat eweneens in Caracas, die hoofstad van Venesuela, voorkom. Saam met E. W. Palm(2) is sy mening dat samehang in hierdie opsig moontlik is, maar dan eerder as 'n invloed van Curaçao op Venesuela, as andersom.

Dit is besonder leersaam om die skrywer se verdere opmerkinge te lees oor die verskille tussen die koloniale boukuns van die Suid-Europese volke soos Spanjaarde en Portugese, en die koloniale boukuns van die Noord-Europese volke, soos Hollanders, Engelse, Franse en Dene. Die Suid-Europese volke

---

(2) E. W. Palm. Estudios de arquitectura Venezolana. In die Venesuelaanse „Revista nacional de cultura," enero-agosto 1952.

kon makliker en ook eerder die bou van hul woonhuise laat aansluit by die bou in hul vaderland, omdat hulle alreeds gewoond was om rekening te moet hou met 'n warm klimaat (patio, balkonne van hout wat uitgebou is, peristiele sonder verdieping en sonder sterk eenheid met die hoofgebou). Daarteen het die Noord-Europeane eers langsamerhand die regte kombinasie van beskutting teen die son en die verkry van vars lug gevind deur hul huise te omring met, in beginsel, oop galerye. Hy wys ons ten slotte op die tipiese kenmerke van die Nederlandse koloniale huise oral in die wêreld: die besonder hoë saaldakke aan die uiteinde deur topgewels afgesluit, gewels wat puntig of trapvormig gedek is in die 17de eeu en meer modieuse in- en uitgeswenkte topgewels in die 18de eeu.



*Curaçao: Breedestraat 15-17.*

Dit is veral hierdie 18de eeuse in- en uitgeswenkte topgewels wat ons op die eerste gesig aan die Kaaps-Hollandse gewels laat dink. Maar dan ook net op die eerste gesig! Die skrywer formuleer dit as volg: die ooreenkoms van die topgewellyne van die Curaçaose huise met dié van die Suid-Afrikaanse in en om Kaapstad berus op 'n suiwer uiterlike „Wahlverwantschaft". Ofskoon die opset heeltemal anders is — al mag daar ook vergelykbare omstandighede wees — altwee gaan terug na die afleiding van gelyksoortige Nederlandse voorbeelde. Hy wys vir ons op die beskeie opset van die Curaçaose topgewels, op hul oorspronklike verwantskap met die gewels van die Amsterdamse kerke van Hendrick de Keyser en op soortgelyke verskynsels in die provinsiale strominge in Nederland (Gelderland, die Ooste van Nederland van N. Limburg tot Overijsel), waar meer beskeie verhoudinge as in die stede eweseer tot beperkinge genoop het. Op Curaçao is daar vanuit 'n eenmaal aanvaarde uitgangspunt wel in die lyn van die tyd, maar baie meer op eie krag verder gewerk met die middele wat daar ter beskikking gestaan het as aan die Kaap. Aan die Kaap kan mens ondanks die voorkoms van gelyksoortige gewels in die algemeen die Hollandse stylbeloop en die Lodewykstyle, wat daar in Hollandse trant gehanteer is, taamlik goed waarneem. Op Curaçao is daarvan nouliks sprake.

As Ozinga begin met die bespreking van die verdedigingswerke, dan is dit vir ons al dadelik opvallend dat die vernaamste fort Amsterdam, wat hulle na die besetting van die eiland (1634) in 1635 gebou het reeds in die begin beplan was met 5 punte, dus 5 bastions. Al is daar uiteindelik een van die bastions nie gebou nie en is dit in 1639 deur 'n rondeel of sg. „Halve Maen" vervang, die plan was tog van die begin af aan 'n vyfhoek en dan heeltemal van steen. Dit was die koraalsteen van die eiland en die bakstene (geel klein IJsselstene en rooi uit later tyd) wat almal as ballas in die skepe van die Kompanjie uit Nederland gekom het.

Dit wil dus sê, reeds 17 jare vroeër as die fortjie van grond met 4 punte wat Van Riebeeck in 1652 aan die Kaap laat bou het. Dit is eers 1664/65 dat hulle aan die Kaap begin het met die „stercke, royale fortresse", 'n fort van steen met 5 bastions wat aansienlik groter was as die fort Amsterdam. Maar die plattegrond van die Kaapste Kasteel het van Nederland, van die Here Sewentien gekom. Die ontwerp van die fort Amsterdam op Curaçao van 1635 was daar op die eiland self gemaak. Ons sien ook dat die fort Amsterdam eweneens regeringsetel en woonplek vir die vernaamste amptenare was. En nes die Kasteel van Kaapstad het die fort Amsterdam 'n seepoort gehad om die goedere van die skepe maklik binne-in die fort te kan bring. Soos aan die Kaap die Seinheuwel as seinpos gebruik is, was daar aan die ingang tot die sg. Schottegat die fortjie Nassau gebou, kompleet met seinhuis en seinpale. Tot in ons eeu het daar op die fort Nassau om 12 u. in die middag en 8 u. in die aand tydskote losgebrand. In Kaapstad het ons nog altyd een kanonskoot om 12 u. in die middag.

Ons vind ook by Willemstad, die stad wat onder beskerming van die fort Amsterdam ontstaan het, nes by Kaapstad strate wat mekaar reghoekig sny,

met 'n Breede- en 'n Heerenstraat maar sonder gragte, in teenstelling tot Paramaribo en Batavia waar voldoende water en 'n sagtere grond was.

Wanneer die skrywer vervolgens die kerkgeboue bespreek, word dit vir ons duidelik dat hierdie geboue net soos die woonhuise na Nederlandse voorbeelde gebou is, maar aan plaaslike omstandighede aangepas is met eie afwerking en versiering. Die Nederlands-Portugees-Israëlitiese Sinagoge van 1732-'33 wat na die voorbeeld van die Amsterdamse van 55 jaar vroeër gebou is, kan nie as 'n slaafse navolging daarvan beskou word nie. Ook die Lutherse kerk wat nou nie meer bestaan nie, was na voorbeelde in die kleinere Hollandse stede gebou.


Daar het op Curaçao altyd maar min vakkundige ambagslui gebly. Ervare „meester-metselaars", huis- en skeepstimmerlui het uit die vaderland gekom. Dit is pas later, van 1741 — 1820, dat ons altyd minstens 2 militêre ingenieurs op Curaçao vind, wat gewoonlik ook 'n aandeel gehad het in die nie-militêre bouwerke. Daar is eers ver in die 19de eeu sprake van werklike burgerlike argitekte. Steen- en beeldhouers was daar heeltemal nie op die eiland nie. Die grafserke van die Portugees-Israëlitiese kerkhof wat so ryk gebeeldhou is, is



*Curaçao: Breedestraat 140 (otrabanda).*

ongetwyfeld — daar is nie 'n ander moontlikheid nie — in Amsterdam bestel en gemaak, nes al die koperwerk in die Nederlands-Portugees-Israëlitiese Sinagoge. En die groot bolkrone van koper vir die kersverligting moet ons ook daaronder reken. Maar 'n uitsondering is die goeie skrynwerkers wat op die eiland was, hulle wat die Ark in die bogenoemde Sinagoge, wat vandag nog bestaan, 'n paar kabinette en ander meubelstukke op Curaçao van ingevoerde mahoniehout vervaardig het. Die klein hoeksierstukke van die omlysting van die „Tafelen der Wet" in die Sinagoge is tipiese plaaslike variasies van 'n soort Lodewyk XIV-motiewe.

Wanneer die skrywer dan die stadswoonhuise bespreek, is inderdaad die besonder eenvoudige ongekompliseerde dekoratiewe behandeling en details van die 18de eeuse gewels te Willemstad treffend as ons hulle vergelyk met die in baie gevalle, ryke dekoratiewe behandeling van die Kaaps-Hollandse huise. Een blik op die afbeeldinge van die gewels van Willemstad is genoeg om ons die verskil duidelik te laat sien. Nog duideliker is die verskil as ons die plaashuise op Curaçao vergelyk met die sg. plaashuise aan die Kaap. Op Curaçao het die sg. „plantages" met die sg. „landhuizen" eintlik nie aan boere of planters behoort nie, maar aan gewese dienare en kooplui van die Kompanjie. Hulle het nooit van die opbrengs van hul plase ryk geword nie. Hoogstens het hulle in hul eie onderhoud voorsien. Daar is nouliks sprake van uitvoer van



*Die plaashuis „Brievengat" na die herstelling.*

plaasprodukte. Nou vind ons op Curaçao geen T-, H- of U-vormige grondplan by die plaashuise soos aan die Kaap nie, behalwe dan 'n enkele keer in die geval waar 'n huis 'n „patio" het, wat al dan nie later afgesluit is. In daardie geval kan daar toevallig 'n U-vorm wees. Die „Curaçaose landhuis" was eintlik, soos Ozinga sê, 'n stadshuis sonder verdieping wat veranderinge ondergaan het om aan die vrye ligging te kan aanpas. Maar ook by die plaashuise sien ons in vergelyking met die Kaap besonder eenvoudige topgewels sowel wat die vorm as wat die dekoratiewe behandeling betref.

Dit is goed om nog 'n keer te herhaal: hierdie boek is 'n voortreflike werk wat veral vir ons verduidelik watter groot verskille daar in feite tussen die Curaçaos-Hollandse boukuns van die Nederlandse Wes-Indiese Kompanjie en die Kaaps-Hollandse boustyl van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie is. Groot verskille maar tog ook ooreenkomste.

Die „waardeur en waarom" kan nog 'n leersame onderwerp vir 'n afsonderlike studie wees.

## Boeke Ontvang vir Bespreking

*Bentwich, Norman:* The Jews in our Time, pp. 175, 3/6, Pelican books, 1960.

*De Kersauson de Pennendreff, Robert:* Ek en die Vierkleur, pp. 140, 13/6, Afrikaanse Pers-Boekhandel (Edms.) Bpk., Johannesburg-Kaapstad, s.d.

*Haller, Prof. J.* en *Dannenbauer, Prof. H.:* Von den Staufern zu den Habsburgern, pp. 118, Sammlung Göschen Band 1077, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1960.

*Jacob, Prof. dr. J.* en *Hohenleutner, Dr. H.:* Quellenkunde der deutschen Geschichte im Mittelalter, dl. I, pp. 124, Sammlung Göschen, Band 279, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1959.

*Kirn, Prof. dr. Paul:* Einführung in die Geschichtswissenschaft, pp. 126, Sammlung Göschen, Band 270, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1959.

*McBurney, C. B. M.:* The Stone Age of Northern Africa, pp. 288, 6/-, Pelican Books, 1960.

*Muller, C. F. J.:* Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795, 'n Kritiese studie, pp. 110, J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1960.

*Ping-chia Kuo:* China, New age and new Outlook, pp. 315, 3/6, Penguin Special, 1960.

*Runciman, Steven:* The Sicilian Vespers, pp. 384, 6/-, Pelican Books, 1960.

*Storry, Richard:* A History of Modern Japan, pp. 287, 4/-, Pelican Books, 1960.

*Van Schoor, M. C. E.* en *Van Rooyen, Jan J.:* Republieke en Republikeine, pp. 244, 21/-, Nasionale Pers, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1960.